# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 590 | Cape Town, Kaapstad, | 18 August 2014 | **No. 37921**


**THE PRESIDENCY**

No. 629 18 August 2014

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 6 of 2014: Labour Relations Amendment Act, 2014**

**DIE PRESIDENSIE**

No. 629 18 Augustus 2014

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No 6 van 2014: Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014**


AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

________ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 15 August 2014)*

# ACT

**To amend the Labour Relations Act, 1995, so as to facilitate the granting of organisational rights to trade unions that are sufficiently representative; to strengthen the status of picketing rules and agreements; to amend the operation, functions and composition of the essential services committee and to provide for minimum service determinations; to provide for the Labour Court to order that a suitable person be appointed to administer a trade union or employers' organisation; to enable judges of the Labour Court to serve as a judge on the Labour Appeal Court; to further regulate enquiries by arbitrators; to provide greater protection for workers placed in temporary employment services; to regulate the employment of fixed term contracts and part-time employees earning below the earnings threshold determined by the Minister; to further specify the liability for employer's obligations; and to substitute certain definitions; and to provide for matters connected therewith.**

**BE IT ENACTED** by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 66 of 1995**

**1.** Section 1 of the Labour Relations Act, 1995 (hereinafter referred to as the principal Act) is hereby amended by the substitution in section (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* to give effect to and regulate the fundamental rights conferred by **[section 27]** section 23 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996;".

**Amendment of section 21 of Act 66 of 1995**

**2.** Section 21 of the principal Act, is hereby amended—

*(a)* by the deletion in subsection (8)*(b)* of the word "and" at the end of subparagraph (iii) and the addition of the following subparagraph:

"(v) the composition of the work-force in the *workplace* taking into account the extent to which there are *employees* assigned to work by temporary employment services, *employees* employed on fixed term contracts, part-time *employees* or *employees* in other categories of non-standard employment; and";

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

[ ] Woorde in vet druk in vierkantige hakies dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 15 Augustus 2014)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, ten einde die toestaan van organisatoriese regte aan vakbonde wat verteenwoordigend genoeg is te vergemaklik; die status van reëls en ooreenkomste oor betooglinievorming te versterk; die bedryf, werksaamhede en samestelling van die komitee vir noodsaaklike dienste te wysig om voorsiening te maak vir minimumdiensvasstellings; voorsiening te maak vir die Arbeidshof om te gelas dat 'n administrateur aangestel word om 'n vakbond of werkgewersorganisasie te administreer; regters van die Arbeidshof in staat te stel om as 'n regter van die Arbeidsappèlhof te dien; ondersoeke deur arbiters verder te reguleer; groter beskerming te voorsien vir werknemers wat in tydelike werkverskaffingsdienste geplaas is; die indiensneming te reguleer van vastetermyndienskontrak- en deeltydse werknemers wat onder die verdienstedrempel verdien wat deur die Minister bepaal is; die aanspreeklikheid vir werkgewers se verpligtings verder te bepaal; en sekere omskrywings te vervang; en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 66 van 1995**

**1.** Artikel 1 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (hierna die Hoofwet genoem) word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* in artikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* om uitvoering te gee aan die fundamentele regte verleen by **[artikel 27]** artikel 23 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en dit te reguleer;".

**Wysiging van artikel 21 van Wet 66 van 1995**

**2.** Artikel 21 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (8)*(b)* die woord "en" aan die einde van subparagraaf (iii) te skrap en die volgende subparagraaf by te voeg:

"(v) die samestelling van die werkmag in die *werkplek* met inagneming van die mate waartoe daar *werknemers* is wat deur tydelike werkverskaffingsdienste toegewys is om daar te werk, *werknemers* in diens geneem op vastetermyndienskontrakte, deeltydse *werknemers* of *werknemers* in ander kategorieë van niestandaard-indiensneming; en";

*(b)* by the insertion after subsection (8) of the following subsections:

"(8A) Subject to the provisions of subsection (8), a commissioner may in an arbitration conducted in terms of subsection (7) grant a registered *trade union* that does not have as members the majority of *employees* employed by an employer in a *workplace*—

*(a)* the rights referred to in section 14, despite any provision to the contrary in that section, if—
   (i) the *trade union* is entitled to all of the rights referred to in sections 12, 13 and 15 in that *workplace*; and
   (ii) no other *trade union* has been granted the rights referred to in section 14 in that *workplace*.

*(b)* the rights referred to in section 16, despite any provision to the contrary in that section, if—
   (i) the *trade union* is entitled to all of the rights referred to in sections 12, 13, 14 and 15 in that *workplace*; and
   (ii) no other *trade union* has been granted the rights referred to in section 16 in that *workplace*.

(8B) A right granted in terms of subsection (8A) lapses if the *trade union* concerned is no longer the most representative *trade union* in the *workplace*.

(8C) Subject to the provisions of subsection (8), a commissioner may in an arbitration conducted in terms of subsection (7) grant the rights referred to in sections 12, 13 or 15 to a registered *trade union*, or two or more registered trade unions acting jointly, that does not meet thresholds of representativeness established by a *collective agreement* in terms of section 18, if—

*(a)* all parties to the *collective agreement* have been given an opportunity to participate in the arbitration proceedings; and

*(b)* the *trade union*, or *trade unions* acting jointly, represent a significant interest, or a substantial number of *employees*, in the *workplace*.

(8D) Subsection (8C) applies to any dispute which is referred to the Commission after the commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014, irrespective of whether the collective agreement contemplated in subsection (8C) was concluded prior to such commencement date."; and

*(c)* by the addition of the following subsection:

"(12) If a *trade union* seeks to exercise the rights conferred by Part A in respect of *employees* of a temporary employment service, it may seek to exercise those rights in a *workplace* of either the temporary employment service or one or more clients of the temporary employment service, and if it exercises rights in a *workplace* of a client of the temporary employment service, any reference in Chapter III to the employer's premises must be read as including the client's premises.".

**Amendment of section 22 of Act 66 of 1995**

**3.** Section 22 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(5) An arbitration award in terms of Part A may be made binding on the employer and in addition to—

*(a)* the extent that it applies to the *employees* of a temporary employment service, a client of the temporary employment service for whom an *employee* covered by the award is assigned to work; and

*(b)* any person other than the employer who controls access to the *workplace* to which the award applies, if that person has been given an opportunity to participate in the arbitration proceedings.".

*(b)* deur die volgende subartikels na subartikel (8) in te voeg:

"(8A) Behoudens die bepalings van subartikel (8), kan 'n kommissaris in 'n arbitrasie ingevolge subartikel (7) gedoen, aan 'n geregistreerde *vakbond* wat nie die meerderheid van *werknemers* in diens van 'n werkgewer in 'n *werkplek* as lede het nie—

*(a)* die regte in artikel 14 bedoel toestaan, ondanks enige bepaling tot die teendeel in daardie artikel, indien—
   (i) die *vakbond* in daardie *werkplek* geregtig is op al die regte in artikels 12, 13 en 15 bedoel; en
   (ii) die regte in artikel 14 bedoel aan geen ander *vakbond* in daardie *werkplek* toegestaan is nie.

*(b)* die regte in artikel 16 bedoel toestaan, ondanks enige bepaling tot die teendeel in daardie artikel, indien—
   (i) die *vakbond* in daardie *werkplek* geregtig is op al die regte in artikels 12, 13, 14 en 15 bedoel; en
   (ii) die regte in artikel 16 bedoel aan geen ander *vakbond* in daardie werkplek toegestaan is nie.

(8B) 'n Reg ingevolge subartikel (8A) toegestaan verval indien die betrokke *vakbond* nie meer die mees verteenwoordigende *vakbond* in die *werkplek* is nie.

(8C) Behoudens die bepalings van subartikel (8), kan 'n kommissaris in 'n arbitrasie ingevolge subartikel (7) gedoen, die regte in artikels 12, 13 of 15 bedoel aan 'n geregistreerde *vakbond*, of twee of meer geregistreerde vakbonde wat gesamentlik handel, wat nie aan die drempels van verteenwoordigendheid daargestel deur 'n *kollektiewe ooreenkoms* ingevolge artikel 18 voldoen nie, toeken indien—

*(a)* alle partye tot die *kollektiewe ooreenkoms* 'n geleentheid gegun is om aan die arbitrasieverrigtinge deel te neem; en

*(b)* die *vakbond*, of *vakbonde* wat gesamentlik handel, 'n beduidende belang, of wesenlike getal *werknemers*, in die *werkplek* verteenwoordig.

(8D) Subartikel (8C) is van toepassing op enige geskil wat na die Kommissie verwys word na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, ongeag of die kollektiewe ooreenkoms in subartikel (8C) beoog voor sodanige inwerkingtredingsdatum gesluit is, al dan nie."; en

*(c)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(12) Indien 'n *vakbond* die regte deur Deel A verleen wil uitoefen ten opsigte van *werknemers* van 'n tydelike werkverskaffingsdiens, kan hy poog om daardie regte in 'n *werkplek* van óf die tydelike werkverskaffingsdiens óf van een of meer kliënte van die tydelike werkverskaffingsdiens uit te oefen, en indien hy regte in 'n *werkplek* van 'n kliënt van die tydelike werkverskaffingsdiens uitoefen, moet enige verwysing in Hoofstuk III na die werkgewer se perseel gelees word dat dit die kliënt se perseel insluit.".

**Wysiging van artikel 22 van Wet 66 van 1995**

**3.** Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(5) 'n Arbitrasietoekenning ingevolge Deel A kan bindend op die werkgewer gemaak word en daarby—

*(a)* die mate waartoe dit op die *werknemers* van 'n tydelike werkverskaffingsdiens van toepassing is, 'n kliënt van die tydelike werkverskaffingsdiens vir wie 'n *werknemer* wat deur die toekenning gedek word aangewys is om te werk; en

*(b)* enige persoon behalwe die werkgewer wat toegang tot die *werkplek* waarop die toekenning van toepassing is beheer, indien daardie persoon 'n geleentheid gegun is om aan die arbitrasieverrigtinge deel te neem.".

**Amendment of section 32 of Act 66 of 1995, as amended by section 7 of Act 42 of 1996, section 2 of Act 127 of 1998 and section 5 of Act 12 of 2002**

**4.** Section 32 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the insertion in subsection (3) of the following paragraph after paragraph *(d)*:

''*(d*A*)* the *bargaining council* has in place an effective procedure to deal with applications by non-parties for exemptions from the provisions of the *collective agreement* and is able to decide an application for an exemption within 30 days;'';

*(b)* by the substitution in subsection (3)*(e)* for the words preceding subparagraph (i) of the following words:

''provision is made in the *collective agreement* for an independent body to hear and decide, as soon as possible and not later than 30 days after the appeal is lodged, any appeal brought against—'';

*(c)* by the insertion after subsection (3) of the following subsection:

''(3A) No representative, office-bearer or official of a *trade union* or *employers' organisation* party to the *bargaining council* may be a member of, or participate in the deliberations of, the appeal body established in terms of subsection (3)*(e)*.'';

*(d)* by the deletion in subsection (5) of the word ''and'' at the end of paragraph *(a)* and the addition of the following paragraphs:

''*(c)* the *Minister* has published a notice in the Government *Gazette* stating that an application for an extension in terms of this subsection has been received, stating where a copy may be inspected or obtained, and inviting comment within a period of not less than 21 days from the date of the publication of the notice; and

*(d)* the *Minister* has considered all comments received during the period referred to in paragraph *(c)*;'';

*(e)* by the insertion after subsection (5) of the following subsection:

''(5A) When determining whether the parties to the *bargaining council* are sufficiently representative for the purposes of subsection (5)*(a)*, the *Minister* may take into account the composition of the workforce in the sector, including the extent to which there are *employees* assigned to work by temporary employment services, *employees* employed on fixed term contracts, part-time *employees* or *employees* in other categories of non-standard employment.''; and

*(f)* by the addition of the following subsection:

''(11) A *bargaining council* that has a *collective agreement* extended in terms of this section must ensure that the independent appeal body is able to determine appeals within the period specified in subsection (3)*(f)*.''.

**Amendment of section 49 of Act 66 of 1995, as amended by section 11 of Act 12 of 2002**

**5.** Section 49 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''A *bargaining council*, having a *collective agreement* that has been extended by the *Minister* in terms of section 32, must inform the *registrar* annually, in writing, on a date to be determined by the *registrar* as to the information specified in subsection (3) and the number of *employees* who are—'';

*(b)* by the substitution in subsection (3) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''A *bargaining council* other than one contemplated in subsection (2) must on request by the *registrar*, inform the *registrar* in writing within the period specified in the request as to the number of *employees* who are—''; and

7

**Wysiging van artikel 32 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 42 van 1996, artikel 2 van Wet 127 van 1998 en artikel 5 van Wet 12 van 2002**

**4.** Artikel 32 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die volgende paragraaf na paragraaf *(d)* in subartikel (3) in te voeg:

"*(d*A*)* die *bedingingsraad* 'n doeltreffende prosedure in plek het om aansoeke deur niepartye om vrystelling van die bepalings van die *kollektiewe ooreenkoms* te hanteer en daartoe in staat is om binne 30 dae oor 'n aansoek om vrystelling te beslis;";

*(b)* deur in subartikel (3)*(e)* die woorde wat subparagraaf (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"in die *kollektiewe ooreenkoms* voorsiening gemaak word vir 'n onafhanklike liggaam wat so spoedig moontlik en nie later nie as 30 dae na die appèl aangeteken is enige appèl aanhoor en beslis wat aangeteken word teen—";

*(c)* deur die volgende subartikel na subartikel (3) in te voeg:

"(3A) Geen verteenwoordiger, *ampsdraer* of *beampte* van 'n *vakbond* of *werkgewersorganisasie* wat 'n party tot die *bedingingsraad* is mag 'n lid wees van, of deelneem aan die beraadslagings van, die appèlliggaam ingevolge subartikel (3)*(e)* ingestel nie.";

*(d)* deur in subartikel (5) die woord "en" aan die einde van paragraaf *(a)* te skrap en die volgende paragrawe by te voeg:

"*(c)* die *Minister* 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* gepubliseer het waarin gestel word dat 'n aansoek om 'n uitbreiding ingevolge hierdie subartikel ontvang is, waarin gestel word waar 'n afskrif geïnspekteer of verkry kan word, en waarin geleentheid gegun word vir kommentaar binne 'n tydperk van minstens 21 dae vanaf die datum van publikasie van die kennisgewing; en

*(d)* die *Minister* al die kommentaar wat tydens die tydperk in paragraaf *(c)* bedoel ontvang is, oorweeg het;";

*(e)* deur die volgende subartikel na subartikel (5) in te voeg:

"(5A) Wanneer vasgestel word of die partye tot die *bedingingsraad* voldoende verteenwoordigend is vir die doeleindes van subartikel (5)*(a)*, kan die *Minister* die samestelling van die werkmag in die sektor oorweeg, met inbegrip van die mate waartoe daar *werknemers* is wat deur tydelike werkverskaffingsdienste aangewys is om te werk, *werknemers* wat op vastetermyndienskontrakte in diens geneem is, deeltydse *werknemers* of *werknemers* in ander kategorieë van niestandaard-indiensneming."; en

*(f)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(11) 'n *Bedingingsraad* wat 'n *kollektiewe ooreenkoms* ingevolge hierdie artikel laat uitbrei moet verseker dat die onafhanklike appèlliggaam daartoe in staat is om binne die tydperk in subartikel (3)*(f)* vermeld, oor appèlle te beslis.".

**Wysiging van artikel 49 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 12 van 2002**

**5.** Artikel 49 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

" 'n *Bedingingsraad* met 'n *kollektiewe ooreenkoms* wat ingevolge artikel 32 deur die *Minister* uitgebrei is, moet die registrateur jaarliks op 'n datum wat die *registrateur* bepaal, skriftelik in kennis stel van die inligting in subartikel (3) vermeld en die getal *werknemers* wat—";

*(b)* deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

" 'n *Bedingingsraad* behalwe die een in subartikel (2) beoog moet die *registrateur* op versoek van die *registrateur*, skriftelik binne die tydperk in die versoek vermeld, in kennis stel van die getal *werknemers* wat—"; en

*(c)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) A determination of the representativeness of a *bargaining council* in terms of this section is sufficient proof of the representativeness of the *council* for the year following the determination for any purpose in terms of *this Act*, including a decision by the *Minister* in terms of sections 32(3)*(b)*, 32(3)*(c)* and 32(5).".

**Amendment of section 51 of Act 66 of 1995, as amended by section 11 of Act 42 of 1996 and section 12 of Act 12 of 2002**

**6.** Section 51 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (9) of the following subsection:

"(9) A *bargaining council* may, by *collective agreement*—

*(a)* establish procedures to resolve any *dispute* contemplated in this section;

*(b)* provide for payment of a dispute resolution levy; and

*(c)* provide for the payment of a fee in relation to any conciliation or arbitration proceedings in respect of matters for which the Commission may charge a fee in terms of section 115(2A)*(l)*, which may not exceed the fee provided for in that section.".

**Amendment of section 65 of Act 66 of 1995**

**7.** Section 65 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

"*(c)* the *issue in dispute* **[*is*]** is one that a party has the right to refer to arbitration or to the Labour Court in terms of *this Act* or any other *employment law*;"; and

*(b)* by the substitution in subsection (3) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* any determination made in terms of **[the *Wage Act*]** Chapter Eight of the *Basic Conditions of Employment Act* and that regulates the *issue in dispute*, during the first year of that determination.".

**Amendment of section 67 of Act 66 of 1995**

**8.** Section 67 of the principal Act is hereby amended by the deletion of subsection (9).

**Amendment of section 69 of Act 66 of 1995, as amended by section 20 of Act 42 of 1996**

**9.** Section 69 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) The rules established by the Commission may provide for picketing by *employees*—

*(a)* in a place contemplated in section 69(2)*(a)* which is owned or controlled by a person other than the employer, if that person has had an opportunity to make representations to the Commission before the rules are established; or

*(b)* on their employer's premises if the Commission is satisfied that the employer's permission has been unreasonably withheld.";

*(b)* by the substitution in subsection (8) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"Any party to a *dispute* about any of the following issues, including a person contemplated in subsection (6)*(a)*, may refer the *dispute* in writing to the Commission—"; and

*(c)* by the addition of the following subsections:

"(12) If a party has referred a *dispute* in terms of subsection (8) or (11), the Labour Court may grant relief, including urgent interim relief, which is just and equitable in the circumstances and which may include—

*(a)* an order directing any party, including a person contemplated in subsection (6)*(a)*, to comply with a picketing agreement or rule; or

*(c)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) 'n Vasstelling van die verteenwoordigendheid van 'n *bedingingsraad* ingevolge hierdie artikel is afdoende bewys van die verteenwoordigendheid van die *raad* vir die jaar wat volg op die vasstelling vir enige doel ingevolge *hierdie Wet*, met inbegrip van 'n besluit deur die *Minister* ingevolge artikels 32(3)*(b)*, 32(3)*(c)* en 32(5).".

**Wysiging van artikel 51 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 42 van 1996 en artikel 12 van Wet 12 van 2002**

**6.** Artikel 51 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (9) deur die volgende subartikel te vervang:

"(9) 'n *Bedingingsraad* kan, by *kollektiewe ooreenkoms*—

*(a)* prosedures bepaal om enige *geskil* by hierdie artikel beoog, te besleg;

*(b)* voorsiening maak vir betaling van 'n geskilbeslegtingsheffing; en

*(c)* voorsiening maak vir die betaling van gelde in verband met enige versoenings- of arbitrasieverrigtinge ten opsigte van aangeleenthede waarvoor die Kommissie ingevolge artikel 115(2A)*(l)* geld kan vorder, wat nie die gelde waarvoor in daardie artikel voorsiening gemaak word, mag oorskry nie.".

**Wysiging van artikel 65 van Wet 66 van 1995**

**7.** Artikel 65 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(c)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* die *vraagstuk in geskil* 'n vraagstuk is wat 'n party ingevolge *hierdie Wet* of enige ander *dienswet* na arbitrasie of na die Arbeidshof mag verwys;"; en

*(b)* deur paragraaf *(b)* in subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* enige vasstelling ingevolge **[die *Loonwet*]** Hoofstuk Agt van die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes* gemaak wat die *vraagstuk in geskil* reguleer, gedurende die eerste jaar van daardie vasstelling.".

**Wysiging van artikel 67 van Wet 66 van 1995**

**8.** Artikel 67 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (9) te skrap.

**Wysiging van artikel 69 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 20 van Wet 42 van 1996**

**9.** Artikel 69 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

"(6) Die reëls deur die Kommissie vasgestel, kan voorsiening maak vir vorming van 'n betooglinie deur *werknemers*—

*(a)* op 'n plek in artikel 69(2)*(a)* beoog wat besit of beheer word deur 'n persoon wat nie die werkgewer is nie, indien daardie persoon 'n geleentheid gehad het om vertoë aan die Kommissie te rig voor die reëls vasgestel word; of

*(b)* op die werkgewer se perseel indien die Kommissie oortuig is dat die werkgewer se toestemming op onredelike wyse weerhou is.";

*(b)* deur in subartikel (8) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Enige party by 'n *geskil* oor enige van die volgende vraagstukke, met inbegrip van 'n persoon in subartikel (6)*(a)* beoog, kan die *geskil* skriftelik na die Kommissie verwys—"; en

*(c)* deur die volgende subartikels by te voeg:

"(12) Indien 'n party 'n *geskil* ingevolge subartikel (8) of (11) verwys het, kan die Arbiedshof regshulp toestaan, met inbegrip van dringende tussentydse regshulp, wat onder die omstandighede regverdig en billik is en wat kan insluit—

*(a)* 'n bevel wat enige party, met inbegrip van 'n persoon in subartikel (6)*(a)* beoog, gelas om aan 'n betooglinievormingsooreenkoms of -reël te voldoen; of

*(b)* an order varying the terms of a picketing agreement or rule;

(13) The Labour Court may not grant an order in terms of subsection (12) unless—

*(a)* 48 hours' notice of an application seeking relief referred to in subsection (12)*(a)* or *(b)* has been given to the respondent; or

*(b)* 72 hours' notice of an application seeking relief referred to in subsection (12)*(c)* or *(d)* has been given to the respondent.

(14) The Labour Court may permit a shorter period of notice than required by subsection (13) if the—

*(a)* applicant has given written notice to the respondent of its intention to apply for the order;

*(b)* respondent has been given a reasonable opportunity to be heard before a decision concerning the application is taken; and

*(c)* applicant has shown good cause why a period shorter than that contemplated by subsection (13) should be permitted.".

**Substitution of section 70 of Act 66 of 1995, as amended by section 5 of Act 127 of 1998**

**10.** The following section is hereby substituted for section 70 of the principal Act:

"**Essential services committee**

**70.** The *Minister*, after consulting *NEDLAC*, must establish an essential services committee under the auspices of the Commission in accordance with the provisions of *this Act*.".

**Insertion of sections 70A, 70B, 70C, 70D, 70E and 70F in Act 66 of 1995**

**11.** The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 70:

"**Composition of essential services committee**

**70A.** (1) The *Minister* must appoint to the essential services committee on terms that the Minister considers fit—

*(a)* a chairperson, who is independent from the constituencies contemplated in subsection (3) and who may be a senior commissioner;

*(b)* a deputy chairperson, who must be a senior commissioner; and

*(c)* six persons nominated in accordance with the provisions of subsections (3) and (4).

(2) A member of the essential services committee—

*(a)* must be a citizen of South Africa, who is ordinarily resident in South Africa, or a permanent resident of South Africa;

*(b)* must have suitable qualifications or experience in labour law, labour relations, commerce, public affairs, the administration of justice, industry or a sector of the economy;

*(c)* must not be an unrehabilitated insolvent; and

*(d)* must not be subject to an order of a competent court holding that person to be mentally unfit or disordered.

(3) Organised business, labour and government at *NEDLAC* must each nominate to the *Minister* the names of two persons to be appointed to the essential services committee.

(4) The *Minister* must appoint the persons nominated by organised business, labour and government at *NEDLAC* if these persons meet the requirements set out in subsection (2).

(5) The *Minister* may fill any vacancy that arises in accordance with the provisions of this section.

(6) A member of the essential services committee may not represent any person before a panel of the essential services committee, but may be appointed by the *trade union* and employer parties to serve as an assessor in terms of section 70C.

*(b)* ’n bevel wat die voorwaardes van ’n betooglinievormingsooreenkoms of -reël varieer.

(13) Die Arbeidshof mag nie ’n bevel ingevolge subartikel (12) toestaan nie tensy—

*(a)* 48-uur kennis van ’n aansoek om regshulp in subartikel (12)*(a)* of *(b)* bedoel, aan die respondent gegee is; of

*(b)* 72-uur kennis van ’n aansoek om regshulp in subartikel (12)*(c)* of *(d)* bedoel, aan die respondent gegee is.

(14) Die Arbeidshof mag ’n korter kennistydperk as die tydperk wat deur subartikel (13) vereis word toelaat indien die—

*(a)* aansoeker skriftelik aan die respondent kennis gegee het van sy voorneme om aansoek om die bevel te doen;

*(b)* respondent ’n redelike geleentheid gegun is om aangehoor te word voor ’n besluit oor die aansoek geneem is; en

*(c)* aansoeker goeie gronde getoon het waarom ’n tydperk korter as die tydperk in subartikel (13) beoog, toegelaat moet word.”.

**Vervanging van artikel 70 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 127 van 1998**

**10.** Artikel 70 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“**Komitee vir noodsaaklike dienste**

**70.** Die *Minister*, na oorleg met *NEOAR*, moet ’n komitee vir noodsaaklike dienste onder beskerming van die Kommissie instel ooreenkomstig die bepalings van *hierdie Wet*.”.

**Invoeging van artikels 70A, 70B, 70C, 70D, 70E en 70F in Wet 66 van 1995**

**11.** Die volgende artikels word hierby na artikel 70 in die Hoofwet ingevoeg:

“**Samestelling van komitee vir noodsaaklike dienste**

**70A.** (1) Die *Minister* moet, op voorwaardes wat die Minister geskik ag, die volgende persone in die komitee vir noodsaaklike dienste aanstel—

*(a)* ’n voorsitter, wat onafhanklik is van die kiesafdelings in subartikel (3) beoog en wat ’n senior kommissaris kan wees;

*(b)* ’n ondervoorsitter, wat ’n senior kommissaris moet wees; en

*(c)* ses persone ooreenkomstig die bepalings van subartikels (3) en (4) benoem.

(2) ’n Lid van die komitee vir noodsaaklike dienste—

*(a)* moet ’n burger van Suid-Afrika wees, wat gewoonlik in Suid-Afrika woonagtig is, of ’n permanente inwoner van Suid-Afrika;

*(b)* moet gepaste kwalifikasies of ervaring in arbeidsreg, arbeidsverhoudinge, die handel, openbare aangeleenthede, die regspleging, nywerheid of ’n sektor van die ekonomie hê;

*(c)* moet nie ’n ongerehabiliteerde insolvent wees nie; en

*(d)* moet nie onderhewig wees aan ’n bevel van ’n bevoegde hof wat daardie persoon as geestelik onbevoeg of versteurd verklaar het nie.

(3) Georganiseerde besigheid, arbeid en regering by *NEOAR* moet elk die name aan die *Minister* benoem van twee persone om in die komitee vir noodsaaklike dienste aangestel te word.

(4) Die *Minister* moet die persone benoem deur georganiseerde besigheid, arbeid en die regering benoem by *NEOAR* aanstel indien hierdie persone aan die vereistes in subartikel (2) uiteengesit, voldoen.

(5) Die *Minister* kan enige vakature wat ontstaan ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel vul.

(6) ’n Lid van die komitee vir noodsaaklike dienste mag geen persoon voor ’n paneel van die komitee vir noodsaaklike dienste verteenwoordig nie, maar mag deur die *vakbond* en werkgewerspartye aangestel word om ingevolge artikel 70C as assessor op te tree.

12

**Powers and functions of essential services committee**

**70B.** (1) The powers and functions of the essential services committee are to—

*(a)* monitor the implementation and observance of essential services determinations, minimum services agreements, maintenance services agreements and determinations;
*(b)* promote effective *dispute resolution* in essential services;
*(c)* develop guidelines for the negotiation of minimum services agreements;
*(d)* decide, on its own initiative or at the reasonable request of any interested party, whether to institute investigations as to whether or not the whole or a part of any service is an essential service;
*(e)* manage its caseload; and
*(f)* appoint the panels contemplated in section 70C to perform one or more of the functions set out in section 70D.

(2) At the request of a *bargaining council*, the essential services committee must establish a panel to perform any function in terms of section 70D(1).

(3) The essential services committee may request the Commission or any other appropriate person to conduct an investigation to assist the essential services committee in an investigation and to submit a report to it.

**Appointment of panels**

**70C.** (1) The essential services committee must, taking into account the nature and complexity of the issue, assign each matter before it to a panel consisting of either three or five persons, including the assessors referred to in subsections (3) and (4).

(2) A panel must be presided over by the chairperson or deputy chairperson of the essential services committee or by a senior commissioner referred to in subsection (3).

(3) The Commission must compile a list of suitably trained senior commissioners who may preside at panel hearings.

(4) If the essential services committee constitutes a three-member panel, it must either—

*(a)* appoint two of its members to serve as *assessors*; or
*(b)* invite the employer and *trade union* parties participating in the hearing to each nominate an assessor.

(5) If the essential services committee constitutes a five-member panel, it must—

*(a)* appoint two of its members to serve as its assessors; and
*(b)* invite the employer and *trade union* parties participating in the hearing to each nominate an assessor.

(6) If the essential services committee appoints assessors from its members to serve on a panel, it must appoint one who was nominated to the essential services committee by—

*(a)* organised labour; and
*(b)* organised business or government, depending on the sector concerned.

(7) A member of the essential services committee may be nominated to serve as an assessor in terms of subsections (4)*(b)* and (5)*(b)*.

(8) The essential services committee may appoint an assessor if the *trade union* or employer parties participating in the hearing fail to nominate an assessor in terms of subsections (4)*(b)* and (5)*(b)* within the prescribed period.

(9) When appointing or nominating an assessor in terms of subsections (4) to (8), the essential services committee, and any party to a matter before it, must take into account the person's skills, experience, expertise and knowledge of the sector concerned.

13

**Bevoegdhede en werksaamhede van komitee vir noodsaaklike dienste**

**70B.** (1) Die bevoegdhede en werksaamhede van die komitee vir noodsaaklike dienste is om—
*(a)* die instelling en handhawing van minimum noodsaaklike diensvasstellings, minimumdiens-ooreenkomste, instandhoudingsdienste en -vasstellings te monitor;
*(b)* doeltreffende *geskilbeslegting* in noodsaaklike dienste te bevorder;
*(c)* riglyne te ontwikkel vir die onderhandeling van minimumdiensooreenkomste;
*(d)* te besluit, uit eie inisiatief of op redelike versoek van enige belanghebbende party, of ondersoek ingestel moet word om vas te stel of die geheel of 'n gedeelte van enige diens 'n noodsaaklike diens is, al dan nie;
*(e)* sy saaklas te bestuur; en
*(f)* die panele in artikel 70C bedoel aan te stel om een of meer van die werksaamhede soos in artikel 70D uiteengesit, te verrig.

(2) Op versoek van 'n *bedingingsraad*, moet die komitee vir noodsaaklike dienste 'n paneel instel om enige werksaamheid ingevolge artikel 70D(1) te verrig.

(3) Die komitee vir noodsaaklike dienste kan die Kommissie of enige gepaste persoon versoek om 'n ondersoek te doen om die komitee vir noodsaaklike dienste in 'n ondersoek by te staan en om 'n verslag aan die komitee voor te lê.

**Aanstelling van panele**

**70C.** (1) Die komitee vir noodsaaklike dienste moet, met inagneming van die aard en kompleksiteit van die vraagstuk, elke aangeleentheid voor hom toewys aan 'n paneel bestaande uit drie of vyf persone, met inbegrip van die assessore in subartikels (3) en (4) bedoel.

(2) 'n Paneel moet onder voorsitterskap wees van 'n voorsitter of ondervoorsitter van die komitee vir noodsaaklike dienste of 'n senior kommissaris in subartikel (3) bedoel.

(3) Die Kommissie moet 'n lys opstel van gepas opgeleide senior kommissarisse wat by paneelverhore kan voorsit.

(4) Indien die komitee vir noodsaaklike dienste 'n paneel met drie lede saamstel, moet hy óf—
*(a)* twee van sy lede aanstel om as *assessore* te dien; óf
*(b)* die werkgewer en *vakbond*partye wat aan die verhoor deelneem nooi om elk 'n assessor te benoem.

(5) Indien die komitee vir noodsaaklike dienste uit 'n paneel van vyf lede bestaan, moet hy—
*(a)* twee van sy lede aanstel om as assessore te dien; en
*(b)* die werkgewer en *vakbond*partye wat aan die verhoor deelneem nooi om elk 'n assessor te benoem.

(6) Indien die komitee vir noodsaaklike dienste assessore vanuit sy lede aanstel om op 'n paneel te dien, moet hy een aanstel wat aan die komitee vir noodsaaklike dienste benoem is deur—
*(a)* georganiseerde arbeid; en
*(b)* georganiseerde besigheid of die regering, afhangende van die betrokke sektor.

(7) 'n Lid van die komitee vir noodsaaklike dienste kan ingevolge subartikels (4)*(b)* en (5)*(b)* benoem word om as assessor te dien.

(8) Die komitee vir noodsaaklike dienste kan 'n assessor aanstel indien die *vakbond* of werkgewerspartye wat aan die verhoor deelneem versuim om binne die voorgeskrewe tydperk 'n assessor ingevolge subartikels (4)*(b)* en (5)*(b)* aan te stel.

(9) By die aanstelling of benoeming van 'n assessor ingevolge subartikels (4) tot (8), moet die komitee vir noodsaaklike dienste, en enige party in 'n aangeleentheid voor dit, die persoon se vaardighede, ervaring, kundigheid en kennis van die betrokke sektor in ag neem.

**Powers and functions of panel**

**70D.** (1) The powers and functions of a panel appointed by the essential services committee are to—
*(a)* conduct investigations as to whether or not the whole or a part of any service is an essential service;
*(b)* determine whether or not to designate the whole or a part of that service as an essential service;
*(c)* determine *disputes* as to whether or not the whole or a part of any service falls within the scope of a designated essential service;
*(d)* determine whether or not the whole or a part of any service is a maintenance service;
*(e)* ratify a *collective agreement* that provides for the maintenance of minimum services in a service designated as an essential service; and
*(f)* determine, in accordance with the provisions of *this Act*, the minimum services required to be maintained in the service that is designated as an essential service.

(2) The presiding member of the panel must determine any question of procedure or law, including whether an issue is a question of procedure or law.

(3) The chairperson of the essential services committee or any person contemplated in section 70C(2) presiding at a hearing may, sitting alone, make an order—
*(a)* extending or reducing any period prescribed by the rules of the essential services committee; and
*(b)* condoning the late performance of an act contemplated by the rules of the essential services committee.

(4) Subject to subsections (2) and (3), the decision or finding of the majority of the panel is the decision of the essential services committee.

(5) The decision of a panel must be in writing and signed by the person referred to in section 70C(2), and include the reasons for that decision.

(6) A panel appointed by the essential services committee may make any appropriate order relating to its functions.

**Jurisdiction and administration of essential services committee**

**70E.** (1) The essential services committee has jurisdiction throughout the Republic.

(2) The seat of the essential services committee is the Commission's head office.

(3) The functions of the essential services committee, including the functions of the panels, may be performed at any place in the Republic.

(4) The Commission must administer the essential services committee.

(5) The *director* is the accounting officer of the essential services committee and must allocate adequate resources to the essential services committee in order for it to perform its functions.

(6) The *director* may appoint staff to the essential services committee after consulting the essential services committee and the governing body, and the governing body must determine their remuneration and other terms and conditions of appointment.

(7) The allowances of members of the essential services committee, assessors and persons appointed to investigate matters are determined by the Minister of Finance.

(8) The essential services committee will be financed and provided with working capital from—
*(a)* the monies that Parliament may appropriate to the Commission in terms of section 122; and
*(b)* grants, donations and bequests made to it.

15

**Bevoegdhede en werksaamhede van paneel**

**70D.** (1) Die bevoegdhede en werksaamhede van 'n paneel wat deur die komitee vir noodsaaklike dienste aangestel is, is om—

*(a)* ondersoeke te doen oor of die geheel of 'n gedeelte van enige diens 'n noodsaaklike diens is al dan nie;
*(b)* vas te stel of die geheel of 'n gedeelte van daardie diens as 'n noodsaaklike diens aangewys moet word, al dan nie;
*(c)* *geskille* oor of die geheel of 'n gedeelte van enige diens binne die bestel van 'n aangewese noodsaaklike diens val, te besleg;
*(d)* te bepaal of die geheel of 'n gedeelte van enige diens 'n instandhoudingsdiens is, al dan nie;
*(e)* 'n *kollektiewe ooreenkoms* te bekragtig wat voorsiening maak vir die instandhouding van minimumdienste in 'n diens aangewys as 'n noodsaaklike diens; en
*(f)* ooreenkomstig die bepalings van *hierdie Wet*, die minimumdienste vas te stel wat in stand gehou moet word in die diens wat as noodsaaklike diens aangewys is.

(2) Die voorsittende lid van die paneel moet enige vraag oor prosedure of wet vasstel, met inbegrip van hetsy 'n vraagstuk 'n geval van prosedure of wet is, al dan nie.

(3) Die voorsitter van die komitee vir noodsaaklike dienste of enige persoon in artikel 70C(2) beoog wat by 'n verhoor voorsit kan, alleen sittende, 'n bevel gee wat—

*(a)* enige tydperk voorgeskryf deur die reëls van die komitee vir noodsaaklike dienste, verleng of verkort; en
*(b)* die laat uitvoering van 'n handeling deur die reëls van die komitee vir noodsaaklike dienste beoog, kondoneer.

(4) Behoudens subartikels (2) en (3), is die besluit of bevinding van die meerderheid van die paneel die besluit van die komitee vir noodsaaklike dienste.

(5) Die besluit van 'n paneel moet skriftelik wees en deur die persoon in artikel 70C(2) bedoel onderteken wees, en moet die redes vir daardie besluit insluit.

(6) 'n Paneel wat deur die komitee vir noodsaaklike dienste aangestel is, kan enige gepaste bevel uitreik wat met sy werksaamhede verband hou.

**Regsgebied en administrasie van komitee vir noodsaaklike dienste**

**70E.** (1) Die komitee vir noodsaaklike dienste het jurisdiksie regdeur die Republiek.

(2) Die setel van die komitee vir noodsaaklike dienste is die Kommissie se hoofkantoor.

(3) Die werksaamhede van die komitee vir noodsaaklike dienste, met inbegrip van die werksaamhede van die panele, kan by enige plek in die Republiek verrig word.

(4) Die Kommissie moet die komitee vir noodsaaklike dienste administreer.

(5) Die *direkteur* is die rekenpligtige beampte van die komitee vir noodsaaklike dienste en moet voldoende hulpbronne aan die komitee vir noodsaaklike dienste toewys sodat die komitee sy werksaamhede kan verrig.

(6) Die *direkteur* kan personeel tot die komitee vir noodsaaklike dienste aanstel na oorleg met die komitee vir noodsaaklike dienste en die beheerliggaam, en die beheerliggaam moet hul besoldiging en ander bedinge en voorwaardes van aanstelling bepaal.

(7) Die toelaes van lede van die komitee vir noodsaaklike dienste, assessore en persone aangestel om aangeleenthede te ondersoek, word deur die Minister van Finansies vasgestel.

(8) Die komitee vir noodsaaklike dienste sal gefinansier word deur en bedryfskapitaal kry van—

*(a)* die gelde wat die Parlement ingevolge artikel 122 aan die Kommissie kan bewillig; en
*(b)* toekennings, skenkings en erflatings daaraan gemaak.

**Regulations for essential services committee**

**70F.** (1) The Minister, after consulting the essential services committee, may make regulations concerning the—

*(a)* functioning of the essential services committee; and

*(b)* panels appointed by the essential services committee.

(2) The rules made by the Commission in terms of section 115 (2)(*c*A)(ii) remain in force until replaced by regulations made in terms of subsection (1).".

### Amendment of section 71 of Act 66 of 1995

**12.** Section 71 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsections (8) and (9) of the following subsections, respectively:

"(8) If the panel appointed by the essential services committee designates the whole or a part of a service as an *essential service*, the essential services committee must publish a notice to that effect in the Government *Gazette*.

(9) **[The]** A panel appointed by the essential services committee may vary or cancel the designation of the whole or a part of a service as an *essential service* or any determination of a minimum service or ratification of a minimum services agreement, by following the provisions set out in subsections (1) to (8), read with the changes required by the context.".

### Substitution of section 72 of Act 66 of 1995

**13.** The following section is hereby substituted for section 72 of the principal Act:

"**Minimum services**

**72.** (1) When making a determination in terms of section 71, a panel of the essential services committee may issue an order—

*(a)* directing the parties to negotiate a minimum services agreement as contemplated in this section within a period specified in the order;

*(b)* if an agreement is not negotiated within the specified period, permitting either party to refer the matter to conciliation at the Commission or a *bargaining council* having jurisdiction.

(2) If the parties fail to conclude a *collective agreement* providing for the maintenance of minimum services or if a *collective agreement* is not ratified, a panel appointed by the essential services committee may determine the minimum services that are required to be maintained in an essential service.

(3) If a panel appointed by the essential services committee ratifies a *collective agreement* that provides for the maintenance of minimum services in a service designated as an essential service or if it determines such a minimum service which is binding on the employer and the *employees* involved in that service—

*(a)* the agreed or determined minimum services are to be regarded as an essential service in respect of the employer and its *employees*; and

*(b)* the provisions of section 74 do not apply.

(4) A minimum service determination—

*(a)* is valid until varied or revoked by the essential services committee; and

*(b)* may not be varied or revoked for a period of 12 months after it has been made.

(5) Despite subsections (3) and (4), section 74 applies to a designated essential service in respect of which the essential services committee has made a determination of minimum services if the majority of *employees* employed in the essential services voted in a ballot in favour of this.

17

**Regulasies vir komitee vir noodsaaklike dienste**

**70F.** (1) Die Minister, na oorleg met die komitee vir noodsaaklike dienste, kan regulasies uitvaardig in verband met die—

*(a)* funksionering van die komitee vir noodsaaklike dienste; en

*(b)* panele deur die komitee vir noodsaaklike dienste aangestel.

(2) Die reëls deur die Kommissie gemaak ingevolge artikel 115(2)*(c*A*)*(ii) bly van krag totdat dit vervang word deur regulasies ingevolge subartikel (1) uitgevaardig.''.

**Wysiging van artikel 71 van Wet 66 van 1995**

**12.** Artikel 71 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (8) en (9) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

''(8) Indien die paneel deur die komitee vir noodsaaklike dienste aangestel 'n diens, in die geheel of vir 'n gedeelte daarvan, as 'n *noodsaaklike diens* aanwys, moet die komitee vir noodsaaklike dienste 'n kennisgewing te dien effekte in die *Staatskoerant* laat publiseer.

